

Die skedel lag al huil die gesig

{ Wilma Stockenström

H.H. KRYNAUW
Eastern Cape Education Department



1 Eendag sal ek, weet ek, die dood
 2 met laggende skedel trotseer. Minstens
 3 my sin vir humor sal ek behou. Maar
 4 of ek soos oorlee mevrou Ples en soos
 5 die bloubok van my geboorteland
 6 ook 'n glaskas in 'n museum sal haal?
 7 'n Seldsame dier is die mens nou nie juis.

r.1 Eendag wag die dood op die spreker.

r.3 verband tussen “skedel” en “sin vir humor”: By albei is daar sprake van lag/laggende.

r.4 Mev. Ples (of dalk eerder mn. Ples) se skedel is een van die bes bewaarde skedels van die Australopithecus africanus. Daar word gereken dat die skedel ongeveer 2,5 tot 2,75 miljoen jaar oud is.

r.5 Mev. Ples en bloubok in glaskas: Albei is deel van 'n seldsame spesie wat uitgesterf het./Albei is 'n unieke vonds. Verskil tussen die mens en mev. Ples en die bloubok? Die mens is slim en presteer op talle gebiede. Mev. Ples en die bloubok word egter bewaar in 'n glaskas.

r.6 Die spreker weet nie of hy/sy in 'n glaskas sal beland nie. Die spreker weet dus nie of hy/sy belangrik genoeg geag sal word nie.

r.2 Die spreker se skedel, net soos alle ander mense s'n, gaan uiteindelik lyk asof dit grynsag. Hoe sal die spreker die dood hanteer? Die spreker sal dit met “laggende skedel trotseer” – dit dus aandurf en die hoof bied. Die spreker sal hom/haarself noodgedwonge daaraan blootstel.

r.7 In versreël 7 sê die spreker dat die mens nou nie 'n seldsame dier is nie. Ironies genoeg is die mens van 'n hoër orde as die bloubok en selfs mevrou Ples; tog word die mens nie so belangrik geag nie.

8 Tog, hoe slim tog is ons met ons
 9 innerlike uurwerkvernuf, hoe sterk
 10 die groot swaaiende hyskraangebare
 11 waarmee ons wolkekrabbers reghoekig
 12 neerplak in woon- en sakekomplekse.
 13 Merkwaardig ons grabbelende navorsing
 14 dwarsdeur dolomiet om ons arms diep
 15 soos skagte te sink en die grys erts

r.10 beeldspraak in “swaaiende hyskraangebare”: Personifikasie. Die beweging van die hyskraan word vergelyk met swaaiende gebare van 'n mens. Dit sluit aan by die vergelyking in versreëls 14 en 15: “... om ons arms diep soos skagte ...”.

r.13 **grabbelend**: Die gierigheid van die mens wat rondgryp. “Grabbelend” impliseer hier “tastend rondsoek”.

r.13 “**merkwaardig**”: Dis eerder sarkasties as bewonderend bedoel. Dit lyk dus asof die spreker tog nie die mens bewonder nie. “neerplak: dui aan dat die mens ingewikkelde take baie maklik uitvoer.

16 te gryp en op te trek, te vergruis en te
17 veredel tot staaf op staaf korfagtig
18 gepakte kluse van belegging. A ja,
19 wonderbaarlik ons vermoë om weggooisand
20 tot vuurstof te verryk wat as ons wou
21 alles onherhaalbaar in allerlaaste oplaaing
22 woes en skoon kan laat ontbrand.

r.19: drie woorde wat mens se
unieke vermoëns beskryf: slim;
merkwaardig; wonderbaarlik

r.21: Die mens is in staat om 'n
atoombom te laat ontplof wat die hele
aarde in 'n “allerlaaste oplaaing” totaal
en dus “onherhaalbaar” kan vernietig.



23 Ek sê mos die skedel lag
24 al huil en huil die gesig.



Skedel van mev. Ples.

r.23-24: Die dood in die vorm van die skedel is altyd aanwesig onder die mens se vel. Die mens kan die dood nie oorwin nie. Die mens beskik dus wel oor die vermoë om fantastiese dinge te skep, maar net so kan hy dit, én homself, vernietig.



Die uitgestorwe
bloubok

Bespreking
& vrae

Die gedig het 'n sterk satiriese inslag. Bespreek hierdie stelling.

- * SATIRE is spot met die dwaashede van die individu / instelling.
- * Hierdie gedig spot met die mens se selfbelangrikheid oor wie hy is en wat hy bereik het.
- * Deur die lys sogenaamde prestasies van die mens maak sy dit duidelik dat die mens niks het om oor trots te wees nie, inteendeel – dit het die mag om ons te vernietig (atoombom) en te beheer (tyd).
- * Ons skep net geordende chaos (woon- en sakekomplekse) en vernietig die aarde (mynbou). Ons is nie eens waardig om soos mevrou Ples of die bloubok in 'n museum bewaar te word nie.
- * MAAR belangrik – die spreker is bewus van hierdie voorgee en van die irrelevansie en onbelangrikheid van die mens – daarom kan haar skedel lag al huil die gesig!